OPVOLG: DIREK NA AFLOOP VAN ELK AAND SE FILM VERTONING

Tema 1: Oorspronklike opvolg na elke aand se vertoning.

Bl 11 tot teen die einde van die "4GW" boekie

DAG 1 Fokus op Evangelisasie.

1. Hersien die vier wette soos in die boekie.

- Vra jou klein groepie (KG) om die 4 wette te herhaal soos aan hulle voorgehou gedurende die film vertoning.
- Voer weer die drama (Weg na Saligheid) op met drie mense, soos gedurende die film, die groep moet die storie vertel.
- Laat die (KG) verduidelik hoe 'n persoon Jesus Christus as jou Verlosser en Saligmaker kan aanneem.
- Help jou KG om die sondaarsgebed te verstaan.
  Herken die hoofpunte in die sondaarsgebed.
  Verstaan wat sal gebeur as die gebed in geloof gebid word.
  - Bely dat hy/sy is 'n sondaar is.
    (**Bely** = erken, dank vir vergifnis, draai weg van sonde af.)
  - **Gee** sy lewe vir Jesus.
    (Glo in Hom as die enigste Verlosser van donkerte na lig.)
  - **Vra** Jesus om beheer oor sy/haar lewe oor te neem.
    (Om net vir Hom te leef)

2. Bid die Sondaarsgebed.

Laat die persone wat oortuig is deur die Heilige Gees, en die wat Jesus wil aanneem, bid (in geloof, in hulle eie woorde). Vra Jesus om in hulle lewens in te kom. Help hulle om die punte wat hulle nou net by no 1 verstaan en erken het, in hulle gebede te bid.

3. Versekering vanVerlossing.

Gee 'n paar woorde van versekering. As 'n persoon opreg die gebed gebid het:

- kan hy **weet** dat Jesus in sy lewe ingekom het.
- Hy hom nooit weer sal verlaat nie.
- dat al sy sonde vergewe is.

4. Nooi hulle na die Volgende Aand se Vertoning.

Nooi jou (KG) na die volgende aand se vertong. Hulle kan ook hulle vriende saam bring. Maak 'n bestelling om hulle weer te ontmoet in dieselfde (KG), na afloop van die volgende aand se vertoning.

5. Bid vir elkeen persoon individueel.

Bid vir elke persoon in jou (KG) voor hulle huis toe gaan:

- Bid vir hulle beskerming teen die bose.
- Bid dat hulle gehoorsaam sal wees om weer môre te kom.

DAG 2 Fokus op Sekerheid van Saligheid.

A. Versekering dat Christus in jou lewe is.

1. Hoe om te weet dat Christus in jou hart is. ("4GW", Bl 11)

Nadat 'n persoon gebid het en Christus in sy lewe ingenooi het.

a. Vra hom:

- Toe jy gebid het, het jy Christus in jou lewe ontvang?
- Volgens Sy belofte in Openbaring 3:20, waar is Christus nou t.o.v. jou lewe?

b. As hy nie seker is nie, blaai na bladsy 9, "4GW" boekie, sê:

- Kom ons gaan terug na Openbaring 3:20.
- Ek wil hê jy moet die versie hardop vir my lees.
- Nadat hy die versie gelees het, vra hom die volgende vrae:-
  - Wat stel die deur voor?
  - Wat is die mens se verantwoordelikheid?
  - Wat is Christus se verantwoordelikheid?
  - Was jy opreg toe jy Christus in jou lewe ingenooi het?
  - As dit so was, waar is Christus reg nou t.o.v. jou lewe?
- Maak seker dat hy verstaan dat Christus, volgens Sy belofte in Openbaring 3:20, nou in sy lewe ingekom het.
- Hou aan om hom die vrae oor versekering van verlossing te vra (bladsy 11 van 4GW boekie), en gee hom 'n kans om elke vraag te beantwoord

(Gebruik die volgende gedeelte indien die nuwe bekeerling meer veduideliking nodig het oor Sekerheid van Saligheid)

2. Die Bybel belowe die Ewige Lewe aan almal wat Christus aangeneem het.
1Joh 5:ll-13 (4GW Bl 11)

A. Vra hom om die gedeelte van I Joh 5:11-13 hardop te lees = 4GW Bl 11.

B. Beklemtoon die woorde **kan** & **weet** in lJoh 5:ll-13. Die versies sê nie hoop, raai of wens nie, maar sodat julle kan **WEET** dat julle die Ewige Lewe het.

C. As die nuwe bekeerling op hierdie stadium nog nie seker is nie, kan jy hom help deur die volgende 5 vrae te vra uit bogenoemde versies:

- Wat het God ons gegee? - Die Ewige Lewe.
- Waar kan 'n mens die lewe kry? - In die Seun.
- Het jy die Seun? - Ja.
- As jy die Seun het, wat het jy nog? - Ewige Lewe.
- Hoe weet jy dat jy nou die Seun het? - God se belofte (Die Woord)

3 Hy sal jou nooit verlaat nie. (4GW, bl. l1)

a. Kry die volgende versies in jou Bybel en laat hy dit hardop lees:

- Hebreers 13:5 b. - *"jou nooit sal verlaat nie."*
- Joh. 10:28 - *"Niemand sal hulle uit My hand ruk nie."*

b. Vra hom:
Nadat jy Christus ontvang het, sal Hy jou ooit verlaat?

c. Vra hom:
Omdat Christus jou nooit sal verlaat nie, hoeveel keer moet jy Hom in jou lewe nooi?

d. Maak seker dat hy verstaan ons moet Christus net een keer in ons lewe innooi.

B Moet nie op gevoelens staatmaak nie. (4GW, bl. 12)

Beklemtoon die verskil tussen feite en gevoelens m.b.v. die "trein diagram".

C Wat het jy nou van Christus ontvang? (4GW, bl. 13)

1 Verduidelik die vyf punte op bl. 13 - (watter veranderinge het plaasgevind toe jy Christus in jou lewe ontvang het.)

- Jy het 'n kind van God geword.
- Al jou sondes is vergewe - die van gister, vandag en môre.
- Jy het die Ewige Lewe ontvang. (Verduidelik Ewige Lewe indien nodig.)
- Die groot avontuur waarvoor God jou geskape het, het nou begin.

2 Dank God. (4GW, bl. 13)

- Kan jy aan enige iets wonderliker dink wat met jou kon gebeur het, as om vir Christus in jou lewe te ontvang.
- Wil jy nie graag sommer nou vir God dank vir wat Hy vir jou gedoen het nie?

3 Moedig horn aan om 'n eenvoudige gebed te bid. (4GW, bl. 13)

- Ek sal bid en God dank dat Hy in my hart (lewe) ingekom het, ___ jaar gelede, en dat Hy my sondes vergewe het, en my die Ewige Lewe gegee het.
- Jy kan Horn ook dank omdat Hy vandag in jou lewe ingekom het, jou sondes vergewe het, en jou die Ewige Lewe gegee het. Sal dit reg wees?
- Lei hom in 'n eenvoudige gebed.

D Uitnodiging na die Volgende Aand se Vertoning.

Nooi jou (KG) na die volgende aand se vertoning. Hulle kan ook vriende saambring. Maak 'n afspraak om hulle (KG) weer na die volgende aand se vertoning te ontmoet.

E Bid vir elke persoon individueel.

Bid vir elke persoon in jou (KG) voor hulle huis toe gaan:

- Bid vir hulle beskerming teen die bose.
- Dat hulle gehoorsaam sal wees om môre weer te kom.

DAG 3 Fokus op die belydenis van sonde.

A. Geestelike Asemhalmg.

a. Hersien in jou (KG) die begrip van Geestelike Asemhaling, soos in die "Heilige Gees" Boekie uiteengesit.

b. **Uitaseming** - bely jou sonde.

c. **Inaseming** - vra die Heilige Gees om beheer oor jou lewe te neem.

b. Gee 'n voorbeeld uit jou eie lewe, hoe jy Geestelike Asemhaling toegepas het.

c. Gee aan lede in jou groep 'n geleentheid om hulle sondes te belei.
Hulle kan dit hardop doen, maar dit is nie nodig nie. Help hulle om aan verkeerde dinge in hulle lewens te dink. Na 'n ruk kan jy 'n voorbeeld gebed bid, waar jy God vra omjou sondes te vergeef, waaraanjy nou net gedink het. - Vertel God van jou begeerte om weg te draai van daardie sondes af, en vra die Heilige Gees om besit te neem van jou lewe. Die groep kan saam met jou bid.

B. Voorstelle vir geestelike groei. (4GW, bl. 14)

a. Lees die laaste gedeelte van die boekie.

- Maak seker dat hulle die belangrikheid van geestelike samesyn verstaan.
- Gee voorbeelde van geestelike groei, bv. gebed, lees van die Bybel, gehoorsaamheid aan God, en verkondiging van die evangelie.
- Moedig jou (KG) aan om Sondag kerk toe te gaan. Reël om hulle iewers te ontmoet voor die kerk begin. Dit sal selfs beter wees as dit moontlik is om hulle by hulle huise te ontmoet.

- Skryf jou naam en telefoonnommer op die laaste bladsy van jou 4GW boekie, as jy dit nog nie gedoen het nie, en gee dit vir hulle.

C. Uitnodiging tot deelname.

Nooi jou (KG) vir weeklikse opvolg besoeke by die naaste kerk.

- Moedig hulle aan om gereelde tye saam in hulle (KG) te ontmoet, bv. weekliks.
- Nooi hulle om deel te word van die JESUS-Film span.

D. Bid vir elke persoon individueel.

Bid vir elke persoon in jou (KG) voor hulle huis toe gaan:

- Bid vir hulie beskerming teen die bose.
- Dat hulle meer en meer die soort mens sal word wat God wil hê hulle moet wees.
- Spesifieke versoeke indien daar enige is.